

'n Nuwe vlag op die Kasteel...

STEFAN WEHMEYER

Assistentdirekteur: Steundienste

Kaapstad... Juliemaand 1803... Gottlieb Wehmeyer lê dodelik siek in sy skoonma Ouma Dirkje Knoetzen se huis in Loopstraat 77. Vir 'n hele maand lê hy al so. 'Ach Frau', sug hy, 'nichts help tog vir de bors, bringen maar noch het een asynlappie...en so 'n bisschen arak!'

So half beswymend, lê Gottlieb en wonder oor sy lewe. Waar gaan alles eindig? Toe hy as 26-jarige jongman aan die Kaap gekom het, het hy 'n goeie werk gehad by die VOC. Vir ses jaar het alles goed gegaan. Hy het in 'n goeie familie ingetrou. Die Zondaghs was vername mense met groot plase in die Lange Kloof en skoonma Dirkje het ook eiendomme in die Kaap gehad. Maar toe kom die Engelse hier in 1795 en neem alles oor. Ach, dink hy, hulle het sommer alles verander en was dit nie dat ek so goed was met my werk nie, het ek my werk verloor. Ach, en toe net nou die ander dag toe die Maartlelies hulle koppe begin uitstoot, kom ou De Mist van Batavia en verander weer alles. Ach, ek het toe sommer bedank, want die Bataviërs het ook weer nuwe regelen ingebring. Ek wil nie

meer terug na Duitsland nie, Vater und Muti is al dood en so ook suster Katryntjie. En wat gaan van my kinders word? Bernard Matthys is maar nege en Elizabeth is nog nie eers 'n jongmeisie nie.

Op 'n nat, noordwestewinddag lui die laaste klokke vir Gottlieb Wilhelm Bernard Wehmeyer. Ziestog, sê die mense by die begrafnisdiens, arme ou Gottie kon ook net nie al die verandering hanteer nie en wat, o wee, gaan nou van die Wehmeyertjies word?

Kaapstad...Februariemaand 2004... Stefan Wehmeyer sit voor sy PC, Nokia in sy hemsak...hy is al 'n hele 22 jaar in die diens van die regering van die land. Tot en met 1994 was dit die Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop. Om twaalf uur middernag op 26 April 1994 sak die vyfde vlag van die land en 'n paar sekondes daarna hys die sesde vlag op die Kasteel. Hy werk nou vir die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap Provinsie. Gelukkig ervaar hy die bewindsverandering beter as die van sy stamvader!

Hoe het dinge darem nie verander nie? En wat het nie alles gebeur nie? En hy begin tik met vyf vingers en 'n langkool sigaret op die PC...



'n Statistiese oorsig van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

Gelukkig het die voormalige direkteur van die Biblioteekdiens, Frans van der Merwe, my in 1993 versoek om die statistieke van die toenmalige Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens in te deel volgens die nuwe provinsiale indeling. Nagenoeg 673 872 biblioteeklede neem 15 383 585 items biblioteekmateriaal uit in die deel van die Kaapprovinsie wat die provinsie Wes-Kaap sou word.

1994

Teen die einde van 1994 was daar 675 551 geregistreerde lede en 256 geaffilieerde biblioteke. Altesame 364 291 items is versprei en lede het 16 272 718 items geleen. Die boekbegroting was R19 337 067 en met subsidies ten bedrae van R3 084 000, is nuwe biblioteke gebou in De Rust, Gugulethu, Lwandle, Thembalethu en Mamre.

1995

Die ledetal groei na 716 065 en die aantal biblioteke na 259. 716 lede neem 16 961 949 items biblioteekmateriaal uit. Die biblioteekmateriaal-begroting word heelwat gesnoei en 279 954 items is aangekoop uit 'n begroting van R15 109 098. Nuwe biblioteke word gebou in Elsiesrivier, Masifunde (Knysna), Zolani (Ashton), Eersterivier en

Struisbaai. Die begroting vir bouprojekte het R3 800 000 beloop.

1996

Ledetal styg weer goed en aan die einde van 1996 was 761 377 inwoners van die provinsie lede by die 263 provinsiaal geaffilieerde biblioteke. Die materiaal-begroting word weer gesnoei en beloop R14 775 545. Vanweë personeeltekorte by die Biblioteekdiens (met die verdeling van die provinsies het die Biblioteekdiens 44% van sy hoofkantoorposte verloor) het biblioteekmateriaal begin ophoop en met die hulp van tydelike kontrakwerkers is 361 936 items biblioteekmateriaal versprei.

Nuwe biblioteke of opgradering van bestaande fasiliteite vind plaas by Elandsbaai, Kwanokuthula (Plettenbergbaai), Ocean View, Weltevrede Vallei (Kaapstad) en Gansbaai. Die begroting vir die projekte was R3 660 000.

1997

Na die stigting van ses nuwe munisipaliteite in die Kaapse metropolitaanse area word 'n paar biblioteke van die Kaapstad Stadsbiblioteekdiens provinsiaal geaffilieerde biblioteke. Dit dra definitief by tot 'n styging van ledetal van 857 232 by 273 biblioteke. Sirkulasie van biblioteekmateriaal neem ook skerp toe na 19 908 348. Die begroting



1994

◁ Mamre Biblioteek



▽ Thembaletu Library



1995

△ Zolani Library (Ashton)

▷ Struisbaai Biblioteek



1996

△ Ocean View Library

▷ Kwanokuthula Library (Plettenberg Bay)



1997

△ Villiersdorp Biblioteek





vir biblioteekmateriaal het R14 189 521 beloop en 287 387 items biblioteekmateriaal is versprei.

Gedurende 1997 is slegs R2 030 000 bewillig vir biblioteekgeboue en dit word aangewend vir nuwe biblioteke in Nduli (Ceres), Villiersdorp en Drakenstein (Paarl).

1998

Die begroting vir materiaal word effens verhoog na R14 385 000 en 289 883 items biblioteekmateriaal word versprei. 915 321 biblioteeklede neem 20 454 196 items biblioteekmateriaal by 283 biblioteke uit.

Die begroting vir subsidiebestand vir die opgradering of bou van biblioteke word stewig verhoog na R4 584 000 en die gemeenskappe van Khayelitsha (Moses Mabhida Biblioteek), Delft-Suid, Brown's Farm, Paternoster en Velddrif vind hierby baat.

1999

Inflasie en 'n swakker rand begin sy tol eis en alhoewel die boekbegroting weer met 'n beskeie geldjie verhoog word tot R14 600 000, daal die aantal verspreide biblioteekmateriaal na 259 395. Daar is nou 285 dienspunte en 898 598 lede neem 20 741 504 items uit.

Slegs R2 000 000 word bewillig vir nuwe biblioteekgeboue en projekte is aangepak op McGregor, Genadendal en Zwelihle (Hermanus).

2000

Ten spyte van 'n 16% verhoging in die biblioteekmateriaalbegroting na R17 004 000 verminder die aantal verspreide items na 244 614. 'n Paar kleiner biblioteekdepots sluit en die aantal dienspunte verminder met vyf na 280. Ten spyte hiervan duur die volgehoue groei in biblioteekgebruik voort en word 21 299 928 items aan 914 833 biblioteeklede uitgereik.

Met sowat R2 377 000 in die subsidiesakkie, word Bredasdorp se biblioteek opgegradeer en kry die gemeenskappe van Wellington Readers, Pniel en Sir Lowry's Pass Village almal biblioteke.

2001

Die verswakkende geldeenheid begin sy tol eis. Gelukkig word die biblioteekmateriaal se beursie lekker volgeprop met R24 296 670 (42% voller!), maar ten spyte hiervan, styg die aantal verspreide items slegs met 5% na 256 133. Die aantal sentra bly min of meer onveranderd op 279. Gebruik styg egter weer na 21 502 173 en ledetal aan die einde van 2001 was 932 795.

R2 450 000 is in 2001 gegee vir die oprigting van biblioteekgeboue in Eendekuil, Railton (Swellendam), Saron, Zoar en Suurbraak.

2002

Die Kaapstad Stadsbiblioteek se 35 takbiblioteke word by die Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer en daar word vanaf die 2002/2003 boekjaar, biblioteekmateriaal vir dié biblioteke uit die Provinsiale Biblioteekdiens se begroting gekoop. Biblioteekmateriaal se begroting styg tot R27 504 796 en 283 663 items word versprei. Met dié dat Kaapstad se biblioteke nou deel is van die provinsiale

netwerk, vermeerder die aantal dienspunte tot 317, ledetal tot 1 185 409 en is 25 383 715 items gesirkuleer.

Subsidies vir nuwe biblioteekgeboue bedra R3 404 000 en hiermee word nuwe biblioteke in Moorreesburg, Ebenhaeser en Botrivier opgerig.

2003

Gedurende 2003 bly die aantal dienspunte onveranderd, naamlik 317. Op 31 Desember 2003 was daar 1 195 011 geregistreerde biblioteeklede en neem hulle 25 983 479 items biblioteekmateriaal uit. Die begroting vir biblioteekmateriaal vir 2003/4 boekjaar beloop R29 064 852 en 303 904 items is aan openbare biblioteke versprei.

R4 769 000 word bewillig vir nuwe biblioteekgeboue of opgraderings vir die gemeenskappe van Hermanus, Rawsonville, Barrydale, Suurbraak en Slangrivier.

Verdere ontwikkelings

Afgesien van hierdie statistieke wat duidelik wys hoe die Biblioteekdiens gegroei het, het daar ook 'n hele paar interessante veranderinge plaasgevind. Tien jaar van demokrasie (en miskien ook die laaste vyf jaar van die vorige bewind) het daartoe bygedra dat biblioteekdienste in die Wes-Kaap baie anders daar uitsien as in die tagtigerjare van die vorige eeu.

In 1989 was daar net twee biblioteke in sogenaamde African Townships. Vandag is daar 27. Tien jaar gelede was die bestuur van biblioteke baie op rasgrondslag gebaseer. Wit bibliotekarisse in wit gemeenskappe, gekleurde bibliotekarisse in gekleurde gemeenskappe. Dié prentjie het ook verander. 1997 sien die geboorte van LIASA, een nasionale biblioteekorganisasie vir almal. Met die beëindiging van sensuur kan biblioteekgebruikers vandag 'n groter verskeidenheid leesstof gebruik.

Maar probleme is daar tog ook wel. En die grootste krisis waarin openbare biblioteke hulle self bevind, is die volgende: Die Grondwet maak nie voorsiening dat die verantwoordelikheid vir die lewering van plaaslike openbare biblioteekdienste op die skouers van munisipaliteite rus nie. Daarom was nuwe aanstellings in openbare biblioteke die afgelope paar jaar moeiliker om raak te sien as 'n naald in 'n hooimied. Menige openbare bibliotekaris werk onder groot druk vanweë personeeltekorte. Die meeste openbare biblioteke moet klaarkom met die helfte van hulle personeel. En dan is daar nog 'n nuwe leerplan by skole, Uitkoms Gebaseerde Onderrig, wat leerlinge verplig om openbare biblioteke te gebruik. Onlangse persberigte berig ook dat die Provinsiale Regering teen 2007 al die openbare biblioteke gaan oorneem en om dit te kan bekostig, moet dienste met 50% afgeskaal word.

Quo vadis? Dit gaan baie moed en durf verg van alle openbare bibliotekarisse oor die volgende paar jaar om volwaardige openbare biblioteekdienste te lewer.

Stefan Wehmeyer sug en steek nog 'n sigaret op. Ten spyte van alles is dit darem lekker interessant om in hierdie tye te werk! En! oor twee weke is daar weer lewe in sy Amaryllis Belladonna blombak...

1994
2004



1998

- ◁ Paternoster Biblioteek
- ▽ ◁ Moses Mabhida Library (Khayelitsha)
- ▽ ▷ Delft-Suid Biblioteek



1999

- ▽ McGregor Biblioteek

2000

- ▷ Pniel Biblioteek



2001

- ▽ Railton Biblioteek (Swellendam)
- ▷ Saron Biblioteek



2004